
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye insluitend 'n formuleblad en 'n 11-bladsy antwoordeboek.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. ŉ Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. ALLE bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ŉ riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| 1 | Rekonsiliasies en BTW | 35 | 30 |
| 2 | Kosterekeningkunde en Voorraadwaardasie | 50 | 40 |
| 3 | Begrotings | 40 | 30 |
| 4 | Vaste Bates | 25 | 20 |
| **TOTAAL** | | **150** | **120** |



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 1: REKONSILIASIES EN BTW (35 punte; 30 minute)

### 1.1 DEBITEURE-OUDERDOMSONTLEDING

Othe Sport Emporium verkoop sporttoerusting en bied kredietfasiliteite aan kliënte. Die finansiële jaar het op 31 Julie 2024 geëindig.

**INLIGTING:**

**Othe Sport Emporium**
**Debiteure-ouderdomsontleding op 31 Julie 2024**

| Kliënt | Krediet limiet | Bedrag verskuldig | Nog nie verskuldig: Julie 2024 (lopend) | Nog nie verskuldig: Junie 2024 | Agterstallig: Mei 2024 | Agterstallig: April 2024 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| A Marais | R55 000 | R45 500 | R45 500 | | | |
| C Voges | R25 000 | R27 000 | R4 000 | R15 000 | R6 000 | R2 000 |
| J Fourie | R36 000 | R18 000 | R16 500 | R1 500 | | |
| J Olivier | R41 000 | R16 000 | | | | R16 000 |
| | | **R106 500** | **R66 000** | **R16 500** | **R6 000** | **R18 000** |
| | | **100%** | | | | |

**Bykomende inligting:**

(i) Kredietvoorwaardes is 30 dae.

(ii) Rente van 2% per maand sal op agterstallige rekeninge gehef word.

(iii) Totale kredietverkope vir die jaar geëindig 31 Julie 2024 het R566 580 beloop.

(iv) Bedrag verskuldig deur handelsdebiteure op 1 Augustus 2023 was R92 350.

**GEVRA:**

Bestudeer die Debiteure-ouderdomsontleding en beantwoord die vrae hieronder.

1.1.1 Aangesien ŉ deeglike kredietkontrole gedoen word voordat krediet verleen word, is Othe van mening dat dit onnodig is om ŉ Debiteure-ouderdomsontleding voor te berei. Verduidelik aan haar hoe die voorbereiding van die Ouderdomsontleding die onderneming kan help om debiteure te beheer. (4)

1.1.2 Bereken die gemiddelde debiteure-invorderingstermyn vir die jaar geëindig 31 Julie 2024. (3)

1.1.3 As die interne ouditeur, identifiseer TWEE bekommernisse wat jy aan die eienaar van die besigheid sal rapporteer. Haal in elke geval syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 1.2 BANKREKONSILIASIE

Jams Junction koop en verkoop musiekinstrumente. Die besigheid word deur Amoré Mans besit. Amoré koop voorraad op krediet, maar verkoop dit net vir kontant. ŉ Bankstaat word op die 25ste van elke maand deur Nebula Bank verskaf.

**GEVRA:**

1.2.1 Gebruik die tabel wat in jou ANTWOORDEBOEK voorsien word om veranderinge/regstellings in die Bankrekening in die Algemene Grootboek van Jams Junction op 31 Julie 2024 te toon. Gebruik die Bankstaat wat vanaf Nebula Bank ontvang is se kolom om die veranderinge/regstellings aan te dui wat gemaak moet word op die staat van Nebula Bank.

Dui ŉ toename aan met ŉ '+' en ŉ afname met ŉ '–' langs elke bedrag. (10)

1.2.2 Amoré is nie tevrede met die feit dat die onderneming rente op agterstallige krediteure moet betaal nie. Gee haar advies om rente op agterstallige krediteure in die toekoms te vermy. (4)

**INLIGTING:**

Hierdie saldo's het in die Algemene Grootboek en op die Bankstaat verskyn voordat die volgende transaksies in ag geneem is:

**Algemene grootboek van Jams Junction:**
Bank R243 980 (dt.)
**Saldo soos per bankstaat ontvang vanaf Nebula Bank:**
R245 000 (gunstig)

TRANSAKSIES vir Julie 2024:

(i) ŉ Debietorder van R12 500 vir die betaling van ŉ krediteur het slegs op die bankstaat verskyn.

(ii) R10 000 is aan ŉ krediteur betaal. Nebula Bank het dit verkeerdelik as R1 000 aangeteken. Dit is as ŉ kwitansie in die Bankrekening in die algemene grootboek aangeteken.

(iii) ŉ Huurder het sy huur direk in die lopende bankrekening van Jams Junction inbetaal, R 4 000. Dit is nog nie deur Jams Junction aangeteken nie.

(iv) Diensfooie van R340 is deur Nebula Bank aangeteken.

(v) Op 28 Julie 2024 is ŉ EFO gemaak om ŉ krediteur R10 400 te betaal. Die krediteur het Amoré meegedeel dat rente van R600 by Jams Junction se rekening gevoeg is, aangesien die betaling laat was. Alhoewel Jams Junction en Nebula Bank die betaling van R10 400 aangeteken het, is geen inskrywing of betaling vir die rente gemaak nie.

(vi) Jams Junction verhuur musiektoerusting aan ŉ bekende sanger. Die sanger het R? direk in die bankrekening gedeponeer. Die bedrag is reeds deur Nebula Bank aangeteken.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 **BTW**

Die inligting het in die boeke van Nkohli Handelaars vir Augustus 2024 verskyn.

**GEVRA:**

1.3.1 Gebruik die inligting om die bedrag verskuldig aan/deur die SAID vir BTW op 31 Augustus 2024 te bereken. (10)

**INLIGTING:**

Saldo in die Algemene Grootboek op 1 Augustus 2024:
SAID(BTW) R1 245 (kt.)

Die volgende is die kolomtotale van die verskillende hulpjoernale vir Augustus 2024.

| | Transaksie | Joernaal | BTW uitgesluit | BTW ingesluit | BTW |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Kontantverkope van voorraad | KOJ | 126 000 | | 18 900 |
| 2 | Handelsvoorraad gekoop en betaal | KBJ | 87 900 | | 13 185 |
| 3 | Handelsvoorraad op krediet gekoop | KJ | | | 11 985 |
| 4 | Handelsvoorraad aan krediteure teruggestuur | KAJ | | | 5 430 |
| 5 | Handelsvoorraad op krediet verkoop | DJ | 134 460 | | ? |
| 6 | Handelsvoorraad deur debiteure teruggestuur | DAJ | | 10 764 | ? |

**35**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 2: KOSTEREKENINGKUNDE EN VOORRAADWAARDASIE

**(50 punte; 40 minute)**

### 2.1 SHAN-UITRUSTERS

Shan-Uitrusters is ŉ vervaardigingsonderneming wat baadjies vir graad 12-leerders vervaardig. Die materiaal word by ŉ verskaffer in Oos-Londen gekoop en na Stutterheim vervoer. Die baadjies word aan graad 12-leerders teen ŉ **winsopslag van 60% op kosprys** verkoop. Die finale bestellings word elke jaar op 30 Junie afgelewer. Die einde van die huidige finansiële jaar is 30 Junie 2024.

**GEVRA:**

2.1.1 Voltooi die notas in jou ANTWOORDEBOEK deur die ontbrekende inligting in te vul. Gebruik die inligting wat reeds ingevul is asook die bykomende inligting wat gegee word.

- Direkte materiaalkoste (10)
- Fabrieksbokoste (6)
- Klaar produktevoorraad (5)

2.1.2 Die eienaar, Shannon, het die rekenmeester opdrag gegee om van die geweegdegemiddelde- na EIEU-metode te verander wanneer die grondstowwe gewaardeer word. Gee EEN rede waarom jy dink sy hierdie opdrag sal gee. Verduidelik hoekom jy nie met haar saamstem nie. (4)

2.1.3 Bereken die waarde van die eindvoorraad van grondstowwe indien die rekenmeester die EIEU-metode sou gebruik. (4)

2.1.4 Die graad 12-klas van 2025 sal nie die 18 baadjies wat oorgebly het wil koop nie. Gee EEN strategie oor hoe sy die eindvoorraad sinvol kan gebruik. Hierdie uitgawe kom jaarliks voor. Bied EEN voorstel om enige oorblywende eindvoorraad van voltooide goedere in die toekoms te voorkom. (4)

**INLIGTING:**

1. Water en elektrisiteit, R66 000, is gedurende die jaar betaal. Dit moet tussen die Fabriek-, Administrasie- en Verkope-afdelings verdeel word in die verhouding 4 : 1 : 1.

2. Vloerspasie gebruik:

| | |
|---|---|
| Fabriek: | 70 000 m$^2$ |
| Administrasie: | 20 000 m$^2$ |
| Verkoop en verspreiding: | 10 000 m$^2$ |

   Die totale huurgeld vir die jaar beloop R240 000. Dit moet tussen die afdelings verdeel word in die verhouding van die vloerspasie gebruik.

3. Totale lone wat gedurende die huidige finansiële jaar aan fabriekspersoneel betaal is:

| | |
|---|---|
| Bruto lone: | R300 000 |
| Totale aftrekkings: | R 60 000 |
| Totale bydraes: | R 40 000 |

   5% van die lone was vir indirekte arbeid



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4. Voorraad word volgens die geweegdegemiddelde-metode waardeer.

Die volgende data rakende die grondstowwe wat vir die jaar aangekoop is, is op 30 Junie 2024 uit die rekeningkundige rekords geneem:

| Datum | Een-hede | Eenheids-prys | Totale koste | Vraggeld per eenheid | Totale Vraggeld |
|---|---|---|---|---|---|
| Beginvoorraad | 24 | | R28 958 vraggeld ingesluit | | |
| Aankope | **206** | | **R269 298** | | **R28 344** |
| 1 Nov. 2023 | 50 | R1 265 | R 63 250 | R132 | R 6 600 |
| 20 Feb. 2024 | 80 | R1 314 | R105 120 | R135 | R10 800 |
| 31 Mei 2024 | 76 | R1 328 | R100 928 | R144 | R10 944 |

Voorraadopname op 30 Junie 2024 toon 18 baadjies in die stoorkamer. Geen eenhede is gesteel nie.

5. Verkope vir die jaar beloop R1 376 000.

## 2.2 NASSI STRIDE

Die onderneming is in Kariega geleë en vervaardig tekkies. Die eienaar is Nassi Florus. Jy word voorsien van inligting vir die afgelope twee jaar.

**INLIGTING:**

2.2.1 Bereken:

- Die netto wins vir 2024 (3)
- Die gelykbreekpunt vir tekkies in 2024 (4)

2.2.2 Nassi is nie tevrede met die resultate van 2024 nie. Verduidelik en verskaf EEN rede (met syfers of berekeninge) om te bewys waarom sy baie meer tevrede moet wees met hierdie resultate as met die resultate van 2023. (3)

2.2.3 Bereken hoeveel ekstra pare tekkies sy sal moet vervaardig om haar wins met R400 000 te verhoog. (3)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.4 Lewer kommentaar oor die verkoops- en verspreidingskoste per paar. Haal die persentasie verandering in koste per paar aan. Verskaf EEN moontlike rede vir die verandering van 2023 na 2024. (4)

**INLIGTING:**

| | TEKKIES | |
|---|---|---|
| | **2024** | **2023** |
| Pare tekkies vervaardig en verkoop | 18 000 | 12 000 |
| Gelykbreekpunt | ? | 10 909 |
| Verkoopprys per paar tekkies | R980 | R860 |
| | | |
| **TOTALE KOSTE:** | R14 040 000 | R9 960 000 |
| Totale veranderlike koste | 10 440 000 | 6 360 000 |
| Totale vaste koste | 3 600 000 | 3 600 000 |
| | | |
| **KOSTE PER PAAR:** | | |
| Totale veranderlike koste per paar | R580 | R530 |
| Direkte materiaalkoste per paar | 300 | 200 |
| Direkte arbeidskoste per paar | 170 | 210 |
| Verkoop- en verspreidingskoste per paar | 110 | 120 |
| | | |
| **TOTALE VASTE KOSTE PER PAAR:** | R200 | R300 |
| Fabrieksbokoste per paar | 155 | 220 |
| Administrasiekoste per paar | 45 | 80 |

**50**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



HOU HIERDIE BLADSY OOP.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: BEGROTINGS (40 punte; 30 minute)

3.1 **EC WINKELS**

Die volgende inligting is geneem uit die boeke van EC Winkels vir die maand September 2024.

**GEVRA:**

Gebruik die inligting om die tabel in die ANTWOORDEBOEK te voltooi, deur slegs die bedrae in die relevante kolomme in te vul. (10)

**INLIGTING:**

Bv. Diverse uitgawes van R3 200 sal konstant oor die begrotingstydperk bly.

(i) Die maandelikse kommissie-inkomste beloop R4 000. Dit sal nie in September verander nie.

(ii) Waardevermindering vir die finansiële jaar sal na verwagting R36 000 wees.

(iii) Verwagte kontantverkope vir September 2024: R65 000 (koste van verkope R54 000)

(iv) Gedurende September 2024 sal R31 860 aan krediteure betaal word; nadat ŉ verwagte korting van 10% deur krediteure toegestaan is.

3.2 **KLEU TRANSPORT**

Zeland besit Kleu Transport, ŉ besigheid wat afleweringsdienste bied. Die gegewe inligting het betrekking op die begrotingsperiode 1 Mei 2024 tot 30 Junie 2024.

**GEVRA:**

3.2.1 **VERWYS NA INLIGTING B EN C:**
Voltooi die Debiteure-invorderingskedule. (6)

3.2.2 **VERWYS NA INLIGTING A, B, C, D en E**
Bereken die volgende:

- Die bedrae aangedui deur (i) tot (v) op die Kontantbegroting (9)
- Die uitstaande saldo van die lening op 1 Mei 2024 (4)
- Die persentasie verhoging in salarisse op 1 Junie 2024 (3)

3.2.3 Die werknemers is nie tevrede met die verhoging in salarisse nie. Gee EEN punt om hulle te ondersteun en EEN punt teen hul opinie. (2)

3.2.4 **VERWYS NA INLIGTING F:**
Aan die einde van Mei 2024 was Zeland bekommerd oor die beheer van die invordering van debiteure en onderhoud van voertuie. Gebruik Inligting F en verskaf EEN rede vir sy kommer. Haal syfers aan. Gee EEN punt van advies in elke geval. (6)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INLIGTING:**

**A. UITTREKSEL UIT DIE KONTANTBEGROTING VIR DIE PERIODE 1 MEI 2024 TOT 30 JUNIE 2024**

| **KONTANTONTVANGSTES** | **MEI** | **JUNIE** |
|---|---|---|
| Fooi-inkomste van kontantkliënte | **(i)** | 90 000 |
| Ontvangstes van kredietkliënte | 151 320 | |
| Huurinkomste | 4 400 | **(ii)** |
| Kommissie ontvang | | |
| **TOTALE ONTVANGSTE** | | 320 000 |
| | | |
| **KONTANTBETALINGS** | | |
| Versekering | 6 000 | 6 800 |
| Salarisse | 48 000 | 49 440 |
| Water en elektrisiteit | | |
| Brandstof | **(iii)** | 63 250 |
| Advertensies | 3 000 | 3 000 |
| Aankoop van nuwe voertuig | - | 250 000 |
| Onderhoud van voertuie | 22 000 | 22 000 |
| Onttrekkings | | |
| Diverse uitgawes | | |
| Rente op lening (11% per jaar) | 1 650 | |
| **TOTALE BETALINGS** | 221 000 | 405 200 |
| SURPLUS /TEKORT | 309 000 | **(iv)** |
| Kontant aan die begin van die maand | 8 400 | |
| Kontant aan die einde van die maand | 317 400 | **(v)** |

**B. Afleweringsdienste word op kontant en op krediet aangebied.**

- Kredliettransaksies maak 70% van die totale fooi-inkomste uit.
- Aflewerings op krediet aan kliënte gelewer, is soos volg:

| | |
|---|---|
| April (werklik) | R160 000 |
| Mei (begroot) | R154 000 |
| Junie (begroot) | ? |

**C. Daar word verwag dat debiteure as volg sal betaal:**

- 40% van debiteure vereffen hul rekeninge gedurende die transaksiemaand, om voordeel uit ŉ 5%-afslag te trek.
- 58% van debiteure vereffen hul rekeninge in die maand wat volg op die transaksiemaand.
- 2% word as slegte skuld afgeskryf.

**D.** Huurinkomste sal met ingang van 1 Junie 2024 met 7,5% verminder word.

**E.** ŉ Styging van 15% in brandstofpryse word vanaf 1 Junie 2024 verwag.

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



F.

| | Mei 2024 | |
|---|---|---|
| | **BEGROOT** | **WERKLIK** |
| Invorderings van debiteure | R151 320 | R112 650 |
| Onderhoud van voertuie | R22 000 | R44 000 |

**40**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 4: VASTE BATES** **(25 punte; 20 minute)**

4.1 **BATEVERKOPE**

Die volgende inligting het in die boeke van Sithata Handelaars vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2024 verskyn.

**GEVRA:**

4.1.1 Bereken die ontbrekende bedrae/besonderhede aangedui deur (a) tot (g) in die onvolledige grootboekrekeninge verskaf. (17)

4.1.2 Tasbare bates behoort positief by te dra tot die winsdoelwit van die onderneming. Verskaf EEN voorbeeld van hoe die voertuie van ŉ handelsonderneming tot die generering van wins sal bydra. (2)

**INLIGTING:**

**A. Algemene grootboekrekeninge (onvolledig)**

**Grond en Geboue**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2023<br>1 Julie | Saldo | 1 150 000 | | | |
| 1 Des | Bank | **(a)** | | | |
| | | 1 830 000 | | | |

**Voertuie**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2023<br>1 Julie | Saldo | 500 000 | 2024<br>1 April | **(b)** | 180 000 |
| 2024<br>1 April | **(c)** | **(d)** | | | |
| | | | | | |

**Opgehoopte waardevermindering op voertuie**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2024<br>1 April | Bate-verkope | **(f)** | 2023<br>1 Julie | Saldo | 150 000 |
| | | | 2024<br>1 April | Waardever-mindering | **(e)** |
| | | | 30 Junie | Waardever-mindering | **(g)** |

**B.** ŉ Nuwe administrasiegebou is gedurende die finansiële jaar gebou.

**C. Voertuie:**

- Op 1 April 2024 is ŉ ou afleweringsvoertuig, kosprys R180 000, ingeruil vir ŉ nuwe voertuig ter waarde van R460 000. Die inruilwaarde was R78 000. Die opgehoopte waardevermindering op die voertuig wat ingeruil is, was R108 000 op 1 Julie 2023.

- Voertuie word teen 10% op die drawaarde gedepresieer.


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## 4.2 BESTUUR VAN VASTE BATES

Die interne ouditeur het ŉ oudit van die bestuur van die vaste bates uitgevoer. Hy het ŉ verslag saamgestel waarin onder andere, die volgende stellings verskyn:

- Die oudit het gevind dat bates uit die register weggelaat is, terwyl daar ook bates geïdentifiseer is wat op die register verskyn, maar nie meer in gebruik was nie
- Bates is aangekoop sonder dat die nodige magtiging verkry is.
- Die gebruik van ŉ sagtewaretoepassing vir vaste batebestuur en mobiele tegnologie, soos strepieskode skandeerders, sal help om die probleem op te los.

**GEVRA:**

4.2.1 Beskryf EEN gevolg van die weglating van bates uit ŉ vaste bateregister. (2)

4.2.2 Verduidelik EEN punt om die belangrikheid van magtiging voor die aankoop van vaste bates te illustreer. (2)

4.2.3 Die ouditeur het die gebruik van ŉ strepieskode skandeerder aanbeveel. Verduidelik aan die direkteure hoe ŉ strepieskode skandeerder batebestuur sal verbeter. (2)

**[25]**

**TOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



| GRAAD 12 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD | |
|---|---|
| $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ |
| Totale bates **:** Totale laste | Bedryfsbates **:** Bedyfslaste |
| (Bedryfsbates – Voorraad) **:** Bedryfslaste | Niebedryfslaste **:** Aandeelhouersbelang |
| (Handels- en ander ontvangbare bedrae + Kontant en Kontantekwivalente) **:** Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$ |
| $\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ | $\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto inkomste na belasting}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ (*Sien nota hieronder) |
| $\frac{\text{Netto inkomste voor belasting + Rente op lenings}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde niebedryfslaste}} \times \frac{100}{1}$ | |
| $\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Interim dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Finale dividende}}{\text{Getal uitgereikte aandele}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Dividend per aandeel}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Dividende vir die jaar}}{\text{Netto inkomste na belasting}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprys per eenheid – Veranderlike koste per eenheid}}$ | |

**LET WEL:**

* In hierdie geval, indien daar gedurende 'n finansiële jaar 'n verandering in die aantal uitgereikte aandele is, word die geweegdegemiddelde-getal aandele in die praktyk gebruik.

Kopiereg voorbehou